
# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS



**No. 23.**

## Die Glimlag van Gevaar

*Gys van Graan*


Uit die donker van die nag tref die onheil vir Obed de Swardt, die kranige Swerwer—Speurder, wat reeds vroeg in sy lewe oorlog verklaar het teen misdaad.

Hy word gered deur 'n aanvallige nooientjie — wat later vir hom 'n groot verrassing besorg. Op 'n eienaardige manier beland hy in die verre Kongo (nou Zaire) net toe die eerste stuiptrekkings van die latere onluste daar merkbaar word.

Daar in die Kongo kom hy teenoor duistere, geheimsinnige magte te staan en het hy 'n paar besonder noue en pynlike ontkomings.

Die Glimlag van gevaar is beslis een van die interessantste en verrassendste verhale wat Gys van Graan nog in die Swerwerspeurderreeks geskryf het.

# S.A. POLISIE EN SWERWER- SPEUR- DER REEKS



No. 23.

## Die Glimlag van Gevaar

Gys van Graan

1. Donker Bedreiging .............................. 3
2. Vriend in Nood .............................. 16
3. Obed Vlug .............................. 29
4. Heerlike Wyn! .............................. 43
5. Die Brief .............................. 56
6. Nadraai van 'n Maaltyd .............................. 68
7. Laaste Skote .............................. 79

## Hoofstuk 1

# DONKER BEDREIGING

„Ek wonder hoe dit met ou Albert gaan," merk Jan Wiese op en sy oë vonkel ondeund.

„Dis 'n snaakse vraag vir 'n koerantman," kom dit verbaas van Tessa van Wyk, maar haar laggende bruin oë weerspreek haar verbasing. „Iemand wat dag vir dag die emosies van die publiek uitbuit, behoort tog te weet hoe dit gaan met 'n verliefde jong man wat duisende kilometers afgelê het om vir 'n nooi te gaan kuier.

„Hy het nie juis 'n aangename tyd uitgekies om by 'n nooi in die Kongo te gaan besoek aflê nie," merk speurder-sersant Ekkie Eksteen op. „Soos dit vir my lyk, is daar veel meer mense wat daar wil wegkom as wat daarheen wil gaan."

„Dis nie altemit nie," beaam Karin Lemmer, 'n aantreklike blondekop langs Ekkie. „Maar as die liefde 'n man pak, los hy alles net so en laat hom nie deur politieke onrus afskrik nie."

Die groepie sit aan 'n tafeltjie aan die rand van die dansvloer waar paartjies rondbeweeg op die ritme van 'n Latyns-Amerikaanse nommertjie. Dit is die jaarlikse polisiebal en almal in die geselskap verkeer in opgewekte stemming. Nogtans mis hulle die gebruiklike spitsvondige gespot van hul vriend, dr. Albert Uys. Hy het sowat 'n maand gelede 'n meisie uit die Kongo ontmoet terwyl sy by vriende in Johannesburg gekuier het. Halsoorkop het hy verlief geraak, die eerste keer sedert hy begin praktiseer het, sy belowende praktyk vir 'n onbepaalde tyd aan 'n assistent toevertrou en die nooientjie na die Kongo vergesel.

„Hoe lyk dit asof die held van die speurafdeling in Johannesburg bang is vir die dansbaan," korswel 'n diep manstem.

Almal aan die tafel kyk laggend op na die man wat net agter Ekkie se stoel staan. Tessa se blik rus warm en bewonderend op hom, maar toe hy na haar kyk, laat sy haar oë vinnig sak sodat hy dit nie merk nie. Sy donker hare glinster in die elektriese lig en twee

diepblou oë vonkel onder gitswart winkbroue wat effens opwaarts krul by die punte.

Hy is Obed de Swardt, aan sowel die polisie as diegene wat hulle probeer ontduik, bekend as die Swerwerspeurder. Aangesien hy spesiaal deur Ekkie na die dans uitgenooi is behoort hy die aand eintlik 'n gas te wees. Hy is egter een van die grootste aandeelhouers in die Randower Hotel waar die dansparty gehou word en omdat die bestuurder en sy vrou met verlof is, neem hy tydelik as bestuurder waar.

,,Wel, ou vriend," kom dit luierig van Ekkie. ,,Ek het dit darem al ten minste drie keer gewaag om Karin op die dansbaan te neem, maar Tessa sit nog die hele aand hier soos 'n preutse oujongnooi wat haar niggie na die dans gebring het."

,,Ekkie!" roep Tessa verontwaardig uit. ,,Hoe durf jy my so beledig? 'n Oujongnooi. . . en dan nog preuts ook!"

,,Toe maar, Tessa," troos Obed. ,,Jy behoort die woorde van ons polisiedienaars nooit baie ernstig op te neem nie. Jy ken die ou spul tog goed genoeg daarvoor."

,,Obed de Swardt," kom dit konsuis dreigend van sy vriend. ,,Ek daag jou uit om daardie woorde voor speurhoof Dirk Laas te herhaal."

,,Dis reg, skuil agter die breë postuur van maj. Laas," kap Tessa terug. ,,Hardloop, gaan vertel hom wat Obed gesê het, voordat die paadjie vol dorings word."

,,Gaan jy toelaat dat 'n vroumens só met jou praat, Ekkie?" wil Jan Wiese weet. ,,Jy, as beskermer van die swakkes, behoort jy jou nie deur hulle in die rug te laat steek nie."

,,Mnr. Wiese," klink die soet stemmetjie van die brunet langs hom. ,,wat bedoel jy met daardie woorde?"

,,Stadig nou, Naomi, ou skat. Moenie jy ook in hierdie ding betrokke raak nie. Jy is gans te jonk. . ."

,,Neem my dan dadelik terug na my ma toe, voordat ek jou by die dapper sersant aankla vir oortreding van die Kinderwet."

Obed grinnik en wink vir Tessa. Ongemerk glip hulle tussen die





dansende paartjies in onderwyl Jan Wiese met kapittel en vers aan die verontwaardigde klein Naomi de Beer probeer verduidelik dat hy geensins bedoel het dat die dames te swak is om hul weg deur die wêreld te vind nie. Ligweg gly hulle oor die dansvloer, draai en swaai met die genot wat twee goeie dansmaats uit 'n dans kan put.

Eindelik loop die nommertjie ten einde en 'n oomblik leun Tessa teen Obed se bors aan. Hy druk haar vlugtig teen hom vas en kyk dan ongemerk oor sy skouer. Die beweging ontsnap Tessa egter nie.

,,Wat is dit, Obed?" verneem sy sag.

,,Hoe nou?" vra hy en glimlag onbegrypend.

,,Dit het gelyk asof jy iemand agter ons dophou," sê sy en kyk fronsend oor sy skouer.

,,Ag, ek het maar net geloer of alles nog ordelik verloop met die bediening. Jy weet, hierdie taak wat ek oorgeneem het, rus swaar op my skouers."

,,Foei tog," jil sy terug. ,,Maar jou skouers is in elk geval breed genoeg."

,,Dis reg, vroumens. Vryf dit in dat ek nie opgewasse vir die taak is nie, dat ek te veel geld en tyd tot my beskikking het en te min om te doen. Ek het gedink ek sal 'n bietjie troos by jou kry. Maar, nou ja. . ." Hy sug.

Haar klokhelder lag klink bo die gemurmel van stemme uit. Obed grinnik, bly dat hy kon keer dat sy nie die onrustigheid in hom gewaar nie. Die gevoel dat iemand hom dophou, hinder hom al die hele aand. Onderwyl hy tussen die gaste rondbeweeg en kort-kort 'n draai by die kroeg en in die kombuis gaan maak, het hy hom etlike kere verbeel dat hy bespied word. Wanneer hy egter omkyk, kan hy niemand gewaar wat buitengewone belangstelling in hom toon nie.

Daardie waarskuwende sesde sintuig het hom so dikwels uit gevare gered, dat hy dit nie kan waag om dit te ignoreer nie. Dog dit lyk vir hom asof dit vanaand fratse op hom uithaal. Aan gevare is hy al gewoond, want sedert hy uit vrye wil die taak aanvaar het om

diegene wat die wet oortree, aan die man te bring, was hy selde of ooit lank buite gevaar. Sy drang na avontuur en die haas onuitputlike energie het hom gedurig nuwe gevare laat trotseer waarin hy sy vernuf en kennis teen enige oormag kon inspan.

Hoewel sy sukses as private speurder reeds wyd en syd bekend is, word Obed de Swardt selde regstreeks in verband gebring met sy prestasies. Sy onmiddellike vriendekring weet daarvan, maar die buitewêreld ken hom bloot as die Swerwerspeurder—'n naam wat misdadigers laat swets, huiwerig laat rondkyk en verslaggewers na sensasionele opskrifte laat uitsien.

Hy glimlag as sommige van die koerantberigte oor sy welslae hom te binne skiet en kyk af in die oë van Tessa wat hom steeds stip dophou. Die glimlag om sy lippe en diep in sy blou oë verdryf egter die laaste druppel kwelling wat sy om die een of ander onverklaarbare rede in haar voel opwel het. Met haar hand in syne stap hulle na hul vriende terug waar hulle verwelkom word asof die groepie hulle in jare nie gesien het nie. Blykbaar is sowel Jan as Ekkie reeds in 'n baie vrolike stemming en is die woordewisseling van 'n ruk gelede totaal vergeet.

Naomi het dit egter nog nie vergeet nie. „Jy spot verniet, Jan Wiese. Obed het darem 'n rede waarom hy nie elke dans met Tessa dans nie. Maar hier sit jy en smyt een sopie na die ander deur jou dorre keel, onderwyl ek wil skree van verveling."

„My liewe mens," antwoord Jan met oordrewe statigheid. „So pas het jy en Karin vir my en Ekkie oortuig dat die dames van hierdie eeu alleen op eie voete kan staan. Hoekom gryp jy nie vir jou 'n maat en dwing die vent om met jou te dans. . ."

Die nooientjie vlieg uit haar stoel, asof sy dadelik Jan se raad wil volg. Hy pak haar egter vinnig beet en wals haar na die dansvloer waar die eerste paartjies nou weer begin beweeg. Laggend neem Ekkie Karin se hand en die twee swaai weg. Die assistentbestuurder kom Obed roep en hy is verplig om Tessa alleen agter te laat. Sy verseker hom egter dat sy nie omgee nie en uitsien na hul volgende dans.





Allengs loop die dansery so teen twee-uur se kant ten einde. Ekkie bied aan om Tessa huis toe te neem, maar Obed verseker hom dat hy sy pligte die aand ten volle nagekom het en dat die assistent-bestuurder kan opruim.

„Sal ek 'n motor laat kom, of stap ons sommer?" verneem Obed van Tessa nadat die ander vertrek het.

„Dit sal heerlik wees om te stap," antwoord Tessa. Sy skud haar donker hare, en met haar kop agteroor asem sy die vroeë môrelug diep in.

In stilte begin hulle aanstap. Dan verneem Tessa of hy al weer van Albert gehoor het en glimlaggend vertel hy van die brief wat hy twee weke gelede van sy vriend ontvang het. Albert beskryf wel omslagtig die natuurskoon van die Kristalberge tussen Matadi en Leopoldstad, die geskiedkundige ou hawe van Boma, maar alles lei tot die onoortreflike skoonheid van Fleur Vauban. Haar vader is eienaar van een van die grootste verskepingsake aan die Kongorivier, maar al was sy ook brandarm, sou dit Albert nie kon skeel nie.

Dr. Albert Uys is die eerste keer in sy lewe werklik verlief—dolverlief! Ja-nee, die liefde het sy ou vriend ongetwyfeld stewig beet, dink Obed, maar dan verstyf die glimlag skielik op sy lippe.

'n Motor het uit 'n dwarsstraat 'n endjie voor hulle by die straat ingeswaai. Die hoofligte slaan teen die donker geboue vas, swiep nader en pen Tessa en Obed 'n oomblik in hul baan vas. Die motor kom stadig nader en hou 'n entjie van hulle af stil. Obed sien dat die bleek ovaalvormigheid van die bestuurder se gesig vol op hom en Tessa gerig is. Hy steek vas. Die hinderlike gevoel wat hom al die hele aand beet het, verdryf eensklaps sy gebruiklike lughartigheid.

„Obed!" fluister Tessa verskrik toe sy die haas onbekende woede in sy gesig sien.

Hy druk haar liggies opsy en stap vinnig na die stilstaande motor. Dit is 'n splinternuwe sedan met wyd-kurwende voorruit en glinsterende chroom. Sy optrede bring beroering in die voertuig wat plotseling grom en wegskiet. Die wiele gly 'n paar keer oor die

teer en dan spring die motor met 'n gebrul vorentoe. Die agterliggie gloei en wink al dowwer. Hy merk dat die motor 'n buitestedelike registrasienommer het en wonder of die bestuurder nie maar net sy pad wou verneem nie. Hy voel skuldig oor sy skielike woede en glimlag verleë.

,,Hoe lyk dit vir my jou gewete pla jou," merk Tessa laggend op om die kwelling in haar stem te probeer verberg. ,,Was dit iemand wat jy ken?"

,,Ek kon nie mooi sien nie, maar ek glo nie," antwoord hy skouerophalend en haak by haar in. ,,Kom, laat ek jou huis toe neem voordat my skuldige gewete weer hande uitruk. As ek so voortgaan, sal jy netnou dink dat die Swerwerspeurder vir koue pampoen begin skrik."

Sy glimlag, maar sy gekorswel stel haar nie gerus nie. Sy het hom die hele aand goed dopgehou en kort-kort gemerk hoedat hy plotseling opkyk en om hom rondstaar, asof hy vermoed dat iemand hom bespied. Sy het Obed innig lief en as hy iets moet oorkom, sal die lewe vir haar nie meer veel beteken nie. Sy weet sonder enige bevestiging, dat hy al weer in gevaar verkeer en wens dat sy hom kan beskerm sonder dat hy van haar kwelling bewus is.

,,Nols het vir my kom kuier en slaap vanaand hier. Hy sal seker graag met jou wil gesels. Wil jy nie maar vanaand by ons oornag nie?" vra sy toe hulle voor haar woonstel opdaag.

Obed snap dadelik haar bedoeling, maar verberg dit met 'n spottende opmerking. ,,Luister, Tessa. Jou broer Nols snork gans te veel. Sy balkegesaag sal my die hele nag wakker hou en môre is Saterdag en 'n kwaai dag vir my by die hotel.'

,,Dis glad nie so erg nie," protesteer sy, omgekrap dat hy haar bedoeling gesnap het.

,,Wat? Nols se gesnork, of my pligte by die hotel?" vra hy jillend.

,,Geeneen van die twee nie. Jy probeer net. . ."

Hy slaan egter sy arm om haar slanke middel en snoer haar mond met 'n druksoen. Sy is half uitasem toe hy haar laat los. Voordat sy





tot verhaal kan kom, het hy reeds met 'n paar lang hale die trappe bereik en sy laggende groet kom holklinkend uit die trapskag uit op. Dit klink so sorgeloos en opgewek dat sy moet glimlag. Kopskuddend gaan sy haar woonstel binne. Aan hom is daar tog geen salf te smeer nie. . . en sy sal hom nooit anders wil sien as wat hy is nie: nonchalant, byna roekeloos dapper, sjarmant en lughartig onder alle omstandighede, soos 'n kavalier uit 'n vergange eeu.

Obed lyk egter glad nie so lughartig toe hy die straat bereik nie. In die skaduwee van die gebou bly hy 'n lang ruk stilstaan en sy deurdringende blik probeer die donker kolle op straat peil. Dan begin sy blou oë skielik te glinster en asof hy geen kwelling ter wêreld het nie, begin hy met 'n gemaklike stappie aanstryk in die rigting van die hotel.

Hy is reeds halfpad na sy bestemming toe 'n mansgestalte 'n endjie voor hom uit die skaduwees vorm aanneem. 'n Dik jas laat die man breed en bonkig lyk. Die jaskraag is hoog opgeslaan en 'n breërandhoed hang laag oor sy voorkop. Obed kan nie die man se gesig sien nie, maar 'n waarskuwende prikkel gaan langs sy ruggraat af.

Daardie subtiele voorbode van naderende onheil verander die vrolike Obed de Swardt oombliklik in die dodelike Swerwerspeurder. Sy hartslag versnel en die bloed pols vinniger deur sy are. Die ingebore avontuurlus, die drang na beweging en liggaamlike inspanning, die gedurige hunkering om fisies en geestelik kragte te meet met elkeen wat hom wil aandurf, bruis in hom op en laat 'n warm gloed deur hom styg. Sy spiere span outomaties saam en slaggereed wag hy die man in.

Vinnig kyk hy om hom rond om te verseker dat hy nie ook uit 'n ander oord besluip word nie. Sy lyf swaai effens weg van die naderende persoon wat plotseling sy pas versnel, waarskynlik bang dat Obed op vlug sal slaan. Die man se gesig is nou redelik sigbaar. Sy vel span styf oor breë, hoë wangbene en glinster olyfkleurig in die straatlig. Onder sy vleserige neus is 'n swart snor. Sy donker oë is stip op Obed gerig. Hy glimlag.

„'n Oomblikkie, asseblief, Meneer."

Hoewel die Engels vlot en suiwer kom, klink dit vir Obed se geoefende oor asof die man nie aan die taal gewoond is nie. Sy uitspraak is meer dié van 'n Fransman, Spanjaard of Italianer. Obed staan stil en staar hom vraend, afwagtend aan.

„Ek sal graag met u wil praat," gaan die man voort.

„In verband met?" verneem Obed.

„U is Obed de Swardt, nie waar nie?"

„Waarom vra jy?"

„Daar is iets wat ek met u wil bespreek."

Albei staan doodstil asof die een vir die ander wag om die eerste beweging te maak. Die vreemdeling kom eindelik 'n tree nader. Eensklaps gewaar Obed 'n lang mes in die man se hand. Hy het dit so gladweg te voorskyn gehaal dat Obed glad nie die beweging gemerk het nie. Sy blik bly egter vasgenael op die man se donker, glimlaggende oë. Die man se ligte, veerkragtige tred, soos dié van 'n geoefende bokser, die gespierde skouers en kragtige, gespierde arms ontgaan hom egter nie.

Die uitdrukking op die man se breë gesig is nou duidelik sigbaar. 'n Wreedaardige trek laat die vol lippe van die helder wit tande af wegkrul. Obed laat nie langer op hom wag nie. Sy regterhand skiet soos 'n slang wat pik na sy agtersak. Met 'n onderdrukte verwensing besef hy dat hy ongewapen is. Toe hy die namiddag laat sy aandklere aangetrek het, het hy nagelaat om oudergewoonte sy rewolwer in sy agtersak te steek.

Die vreemdeling het sy beweging gewaar en korrek vertolk. Met 'n verwoede kreet storm hy op Obed af, die lang mes dreigend vasgevat in sy regtervuis wat laag op sy heup druk. Obed besef onmiddellik dat hy met 'n bedrewe mesvegter te doen het. Die man laat geen ruimte vir 'n onverwagse judogreep nie. Teen sy sin moet hy padgee. Dog 'n plan het reeds in sy vernuftige, blitsige verstand vorm aangeneem.

Nogmaals bulder die man en sy swaar voetvalle dawer in die straat agter Obed aan. Obed kyk effens oor sy skouer om te





verseker dat hy sy aanvaller nie afskud nie en sy glimlag verbreed.

Sy vlugtige blik bevestig ook wat hy reeds begin vermoed het: sy aanvaller is dieselfde man wat hy twee keer die aand digby hom in die hotel gewaar het. Een keer het hy hom opgemerk toe hy deur die openbare sitkamer na die kroeg gestap het en die tweede keer toe hy saam met Tessa in die voorportaal van die hotel gestaan het. Sonder aanduiding skiet hy dwarsoor die straat en swenk behendig by 'n smal, donker agterstraatjie in. Toe hy reeds die onderpunt nader, hoor hy sy agtervolger die steeg binnegehardloop kom.

Die straatjie is min wyer as 'n vragmotor en is 'n oorblyfsel uit die dae toe elke stadshuis 'n agter-uitgang op 'n agterstraat gehad het. Dit draai regs aan die onderpunt en kom verder aan weer in 'n groot dwarsstraat in. Obed swaai met die steeg regs, steek vas en druk hom plat teen die muur aan. Dit is so stil dat hy niks behalwe die voetvalle van sy agtervolger kan hoor nie en so donker dat hy skaars die oorkantste muur kan onderskei.

Vinnige voetslae klink hard tussen die hoë mure op. Hulle kom vinnig nader en nader en klap dan skielik digby Obed. Die frisgeboude man hyg swaar na asem en kyk stip voor hom uit. Hy struikel gevaarlik in 'n gat in die teer, maar hy is so behep met sy agtervolging dat hy by Obed sou verbygehardloop het sonder om daarvan bewus te wees.

Soos weerlig spring Obed se regterhand uit en gryp die agtervolger aan die keel. Met dieselfde beweging swaai hy uit sy skuilplek uit en slinger die man met 'n hikslag teen die muur aan. Die volgende oomblik veer sy knie op en tref dit die man geweldig hard in die maag.

Die vreemdeling gil en ruk vorentoe en afwaarts, onderwyl hy slap word in Obed se greep. Langsaam beur Obed die man al hoër teen die muur op, sy kragtige vingers soos 'n skroef om sy keel. Die vreemdeling se tone raak skaars grond en kap in onreëlmatige tempo op die teer.

Obed verslap skielik sy greep en slinger die man soos 'n sak patats teen die grond. Die man soek verwilderd na asem. 'n Goed